13.
Elia

Vooraf

Koning Salomo was 'n goeie en wyse koning, maar teen die einde van sy lewe was hy nie meer so getrou aan die Here nie. Kan julle onthou wat hy verkeerd gedoen het? *(Wag vir 'n antwoord.)* Hy het ook afgode aanbid. Kon jy aan 'n manier dink hoe jy sulke versoekings in jou lewe kan weerstaan? *(Wag vir 'n antwoord.)* Hierna het die koninkryk van Israel in twee geskeur en het dit net al hoe slegter gegaan. Die konings wat na Salomo gekom het, het ook gekies om afgode te aanbid. Een van die slegste konings was koning Agab. Omdat die konings Hom nie gedien het nie, het God nou weer deur profete gepraat.

Vertel, vertel!

Koning Agab het meer sonde gedoen as al die ander konings voor hom. Hy het hom glad nie aan God se gebooie gesteur nie en toe het hy boonop met 'n heidense vrou, Isebel, getrou. Isebel was nog slegter as Agab en saam het die twee die afgod Baäl aanbid. Agab het selfs sover gegaan om vir Baäl 'n spesiale tempel te laat bou en 'n altaar opgerig waar hulle vir Baäl offers kon bring. Hulle het gedink Baäl sal hulle voorspoedig maak. Agab het glad nie verstaan dat hy, as koning, sy volk moes lei en help om die Here te aanbid nie. *(Wag 'n oomblik.)*

Dit is in hierdie tyd wat God die profeet Elia gebruik het om met sy volk te praat. God kon nie deur koning Agab werk nie. Boonop wou God vir Agab en die Israeliete straf omdat hulle so ongehoorsaam was. God het deur Elia vir Agab 'n boodskap gestuur: "Vir die volgende paar jaar sal daar geen reën of dou val nie." Omdat die

volk van Israel so ongehoorsaam was, sou daar 'n verskriklike droogte wees.

Hierna moes Elia hom uit die voete maak. Agab was baie kwaad oor hierdie boodskap en sou Elia sommer doodmaak as hy die kans kry. God het vir Elia gesê om na 'n sekere spruit, 'n stroompie, te gaan en daar te bly. Elia kon water uit die stroompie drink. Maar waar sou Elia kos kry? Ook hier het God op 'n wonderlike manier vir Elia gesorg. God het kraaie gestuur wat soggens en saans vir Elia kos gebring het. Hulle het elke dag by hom aangevlieg gekom met brood en vleis in hulle bekke! So kon Elia genoeg kos hê om te eet.

Dit was baie droog in Israel. Soos Elia voorspel het, het daar geen reën geval nie. Na 'n ruk het die water in die stroompie ook opgeraak. "Gaan na Sarfat toe," het die Here vir Elia gesê. "Daar woon 'n weduwee wat vir jou sal sorg."

Toe Elia by Sarfat aankom, was daar 'n weduwee by die poort besig om vuurmaakhout op te tel. "Sal jy asseblief vir my 'n bietjie water gee?" het Elia gevra. "En sommer 'n stukkie brood ook?" "Water kan ek vir jou gee, maar ek het nie brood nie," het die weduwee gesê. "Ek het nog net 'n klein bietjie meel en olie oor. Daarmee gaan ek vir my en my seuntjie 'n broodjie bak. Daarna sal ons maar doodgaan van die honger."

"Maak maar vir my die roosterkoek," het Elia gesê. "Die Here sal sorg dat jou meel en olie nie opraak nie." Die Here? Ons weet nie eers of hierdie vrou die Here geken het nie. Sy het dan in 'n heidense stad gewoon! Maar sy het tog geluister en die laaste meel en olie gebruik om vir Elia kos te maak. En toe gebeur daar 'n wonderwerk. Die meel en olie was nie op nie! Sy kon nog 'n broodjie bak. En nog een. En nog een. Ook die volgende dag en die dag daarna en die week daarna. Net soos wat Elia belowe het, het die olie en meel nie opgeraak nie. *(Wag 'n oomblik.)*

Drie jaar het verby gegaan. Toe het die Here weer met Elia gepraat. "Gaan na koning Agab toe en gaan praat met hom. Ek wil dit weer in die land laat reën." Agab was sommer van voor af kwaad toe hy Elia sien. "Hierdie gemors is jou skuld," het hy geraas. "Nee, dit is jou skuld," het Elia geantwoord, "omdat jy ongehoorsaam aan die Here was. Roep die volk van Israel en al die Baäl profete op Karmelberg bymekaar. Dan sal ons sien watter God die enigste en ware God is."

So het dit gebeur. Elia het voor die volk gaan staan en gesê: "Julle moet nou besluit wie julle wil volg. As Baäl God is, volg hom, maar as die Here, die God van Israel, die ware God is, moet julle Hom volg." Toe sê Elia: "Ek is die enigste profeet van die Here wat oorgebly het en daar is 450 profete van Baäl. Kom ons bring twee offers, een aan die Here en een aan Baäl. Die god wat self vuur stuur om sy offer te verbrand, is regtig God."

Eers het die profete van Baäl 'n offerbul op die altaar gesit. Hulle het vir ure gebid, maar verniet. Daar het geen vuur gekom nie. Hierna het Elia sy offer heeltemal nat gegooi en tot God gebid. "Here, wys vandag vir die volk van Israel dat u die enigste God is."

Onmiddellik het daar vuur uit die hemel gekom en die offer en selfs die altaar verbrand. Almal was verstom. "Die Here is die enigste God," het die verbaasde Israeliete uitgeroep. Hierna het Elia hulle beveel om die Baäl profete dood te maak. En toe? Toe het die Here reën gestuur. Groot onweerswolke het saamgepak. Na drie jaar was die droogte gebreek en almal het weer gesien dat die Here die enigste God is.

Vertel weer

Laat die kinders die verhaal weer 'n keer vertel deur dit te dramatiseer. Veral die gedeelte op die Karmelberg kan 'n heerlike rolspel wees. Kies iemand om Agab, Elia, die weduwee en die Baäl profete te wees. Die ander kinders kan die Israeliete wees.

Kom ons dink saam

1. Wat het koning Agab verkeerd gedoen?
2. Agab het gekies om met 'n heidense meisie te trou. Watter invloed het dit op sy lewe gehad?
3. Watter boodskap het Elia vir Agab gehad?
4. Hoe het God vir Elia gesorg tydens die droogte?
5. Hoekom dink jy het God hom juis na 'n brandarm weduwee gestuur?
6. Hoekom mos Elia teruggaan na Agab?
7. Hoe het God bewys dat Hy die enigste en ware God is?
8. Wat beteken hierdie verhaal vandag vir ons? Ons aanbid tog nie meer afgode nie?

Ontdek en leer:

- ✓ Gaan lees hierdie verhaal in 1 Konings 17 en 18.
- ✓ Gaan dink na en kom vertel volgende keer: Watter goed kan vir ons so belangrik raak dat dit sleg is vir ons verhouding met God? Het jy enige afgode in jou lewe?
- ✓ Leer en onthou: *"Watter nasie se god is so by hom soos die Here ons God by ons is elke keer as ons tot Hom bid?" Deuteronomium 4 vers 7*
- ✓ Bid elke dag: *"Here God, ons bely vandag dat U die enigste en die ware God is. Help my om U voluit te dien."*